

**HOOFSTUK 2: My hartjie, my liefie**
**Hersieningsoefening**
Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal "Valentynsdag" deur Alicia Erasmus.

Al's (15.) loop verkeerd. Ek's die heeldag lank soos 'n (1. **magneet)** vir goeters waarmee ek my (2. **naam krater maak)**. Hierdie puisie op my neus lyk soos 'n (3. **mini-renosterhoring**) en ek het die ergste *bad hair day* van die (4. **dekade).** Hoekom vandag?
Vir hom is ek net sy beste pel se (5. **jongste**) sussie, niks meer nie."
Nicola kan nie 'n woord uitkry nie.
"Toe ek vanoggend my skoolskoene wou aantrek, ruik dit soos my (6. **broer)** se rugbysokkies.
Ek dink die oomblik is net te (7. **groot).**
"Ja, maar … Wat bedoel jy (8. **'die oomblik is te groot'"**?)
"Ja, maar … Ag, miskien is jy reg", sê ek en trek nog twee slierte hare langs my slape uit. Voor ek verder kan kla, lui die klok en ons stap rye toe.
Dis juis in Vlekkie se (9. **klas**) dat ek in Jean se bank sit. Hy los altyd vir my 'n briefie daar ... (10.)
In die kombuis hoor ek Pa praat. Dit is **(**11**. snaaks)** dat hy vir middagete by die huis is.
Toe hy sy kop effens skuins draai, sien ek die (12. **selfoon**) teen sy oor.
Hy vee oor sy hare en sug. "Nee, maar ek belowe om **(**13**. vanaand)** met haar te praat. Ek gaan hulle **los**." (17)

1. Gee die meervoud van die woorde "magneet". (1)

2. Gee die betekenis van die uitdrukking om jou "naam krater maak". (1)

3. Gee die verkleiningsvorm van "mini-renosterhoring**".** (1)

4. Watter soort selfstandige naamwoord is "dekade" (1)

5. Gee die vergrotende trap van "jongste". (1)

6. Gee die teenoorgestelde geslag van "broer". (1)

7. Word die byvoeglike naamwoord "groot" in reël 7 attributief of predikatief gebruik? (1)

8. Word die uitdrukking in reël 8 letterlik of figuurlik gebruik? (1)

9. Watter soort woordsoort is "klas" in hierdie sin? (1)

10. Benoem die leesteken aan die einde van die paragraaf. (1)

11. Gee die intensiewe vorm van "snaaks". (1)

12. Skryf die woord "selfoon" volledig uit. (1)

13. Hoekom is "vanaand" 'n bywoord van tyd? (2)

1.14. Hoekom is daar 'n afkappingsteken in die woord "al's" ?

15.1 Skryf die volgende woorde neer en dui aan waar dit aan die einde van 'n sin afgekap word.

15.1 middagete (1)

15.2 vanaand (1)

16. Maak 'n sin waarin die woord "los" as 'n byvoeglike naamwoord gebruik word. (1)

17. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Sy suster is nog (jongste). (1)

Totaal: 20

**HOOFSTUK 2: My hartjie, my liefie**
**Hersieningsoefening: Memorandum**

1. Gee die meervoud van die woorde “magneet”. (1)
*magnete*
2. Gee die betekenis van die uitdrukking om jou “naam krater maak”. (1)
*'n Gek van jouself maak*
3. Gee die verkleiningsvorm van “mini-renosterhoring”. (1)
*mini-renosterhorinkie*
4. Watter soort selfstandige naamwoord is “dekade”. (1)
*(abstrakte) selfstandige naamwoord*
5. Gee die vergrotende trap van “jongste”. (1)
*jonger*
6. Gee die teenoorgestelde geslag van “broer”. (1)
*suster*
7. Word die byvoeglike naamwoord “groot” in reël 7 attributief of predikatief gebruik? (1)
*predikatief*
8. Word die uitdrukking in reël 8 letterlik of figuurlik gebruik? (1)
*figuurlik*
9. Watter soort woordsoort is “klas” in hierdie sin? (1)
*soortnaam*
10. Benoem die leesteken aan die einde van die paragraaf (1)
*ellips*
11. Gee die intensiewe vorm van “snaaks”. (1)
*skreeusnaaks*
12. Skryf die volgende woord “selfoon” volledig uit. (1)
*sellulêre foon*
13. Hoekom is “vanaand” ’n bywoord van tyd? (2)
*Dit vertel meer van die werkwoord “praat” / en sê wanneer hy gaan praat.*
14. Hoekom is daar ’n afkappingsteken in die woord “al’s” ?
*Dit staan in die plek van “is”.*
15.1 Skryf die volgende woorde neer en dui aan waar dit aan die einde van ’n sin afgekap word.
15.1 middagete (1)
*mid-dag-ete*
15.2 vanaand (1)
*va-naand*
16. Maak ’n sin waarin die woord “los” as ’n byvoeglike naamwoord gebruik word. (1)
*Haar hare is los./Sy is ’n los meisie*.
17. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Sy suster is nog (jongste). (1)
*jonk*

Totaal: 20